# Wes-Boland Eisteddfod

# KUNS

KODES:

| | |
|---|---|
| Skolekuns | KU1 |
| Gevorderde Visuele Kuns | KU2 |
| Ontwerp | KU3 |

## KUNSTEMA 2026:

| | |
|---|---|
| Gr. R - 9 | My wêreld van tekstuur / My world of texture |
| Gr. 10 - 12 | Oop Tema |

Kunswerke moet die leerders se eie werk wees, pas by hul ontwikkelingsvlak en slegs werk van ‘n hoë standaard moet ingeskryf word. Geen voorheen bekroonde werke word aanvaar nie.

**Aflewering van alle kunswerke:**
Topolino Privaatskool in Langebaan.

**Montering:**
Geen swaar geraamde werke nie. Monteer kunsprent met ‘n 5cm strook wit karton (nie te dik nie) rondom. Monteringsbord is te swaar. Moenie vaskram nie (krammetjies haak en beskadig prente), gebruik eerder alkant kleeflint (double sided tape) en verpakkingskleeflint (bv. die bruin een). Indien kunswerke nie volgens voorskrif monteer word nie, sal dit gediskwalifiseer word.

**Agterop:** elke kunswerk moet die NAAM VAN SKOOL sowel as die NAAM VAN DEELNEMER aangebring word. Die NOMMER van die kunswerk, wat ooreenstem met die nommer op die lys van kunswerke, kom ook agterop. Hierdie inligting kan enige plek agterop kunswerk aangebring word.

**Voorop:** elke kunswerk kom slegs die deelnemer se GRAAD, die KATEGORIE waarin hy/sy deelneem bv. Skolekuns of KU 1, en die TITEL van die spesifieke kunswerk (wat moet inpas by die oorhoofse Kunstema soos bo vermeld). Hierdie inligting kom REGS ONDER op die wit kartonraam.

## Lys van kunswerke:

Stuur die voorgeskrewe lys saam met die kunswerke wat die volgende inligting insluit:

-Naam van leerder
-Graad
-Kategorie (bv KU1)
-Titel

'n Voorbeeld van die strokies wat VOOR en AGTER geplak moet word asook die LYS VAN KUNSWERKE waarop u u skool se lys van inskrywings kan invul, sal in begin van 3de kwartaal aan skole gestuur word.

## Verpakking:

Verpak asb. elke graad apart in papieromhulsel en plaas in stewige kartonverpakking. (WENK: sny byvoorbeeld 'n kartonboks oop en vou/knip volgens verlangde grootte)
**Skryf die skool se naam buite op die karton-verpakking. Plaas voltooide Lys van Kunswerke in 'n lêersakkie binne-in verpakking of plak lêersakkie buite op verpakking (sodat lys maklik bekombaar is vir kontrolering).**

## Aantal inskrywings:

**Maksimum 60 inskrywings per skool, al die kategorieë ingesluit.**
Nie meer as een werk van 'n spesifieke kunstenaar in 'n spesifieke kategorie word toegelaat nie. Dieselfde kunstenaar kan dus in 2 verskillende kategorieë (bv. KU1 en KU2) inskryf, solank die totale getal inskrywings van die skool net nie 60 oorskry nie.

## KATEGORIE A: SKOLEKUNS -KU1

Graad R - 9

1. Klem val op belewing en kreatiwiteit.
   Geen oortekening van inkleurboekprente of voorbeeldprente deur onderwysers is toelaatbaar nie. Die leerders moet hul ervaring SELF weergee en die genot moet sigbaar wees. Prente sal meer suksesvol wees as die leerders die ervaring self BELEEF het en dit dan so weergee, bv. die leerders maak 'n visvangprent nadat hulle self visgevang het of die ervaring meegemaak het.
   Internet beelde kan as inspirasie gebruik word, maar mag nie direk gekopieer word nie.

2. Geen skolekuns op canvas word toegelaat nie.
3. BAIE BELANGRIK: Grootte van prente: nie groter as A1 (61cm x 86cm) nie met die raam ingesluit. Groter prente val maklik van die mure af, beskadig dan en bemoeilik die uitstalling.

4. Gemengde media wat geplak word soos wol, doppies, materiaal, ens. mag nie meer as 1 cm van die papieroppervlak uitstaan nie. Swaar of taai voorwerpe en wikkelogies wat opgeplak word, is ontoelaatbaar.
5. Werke moet onder die toesig van die onderwyser gemaak word in klasverband. Werke wat tuis gedoen word, mag nie onder Skolekuns ingeskryf word nie. Dit word onder GEVORDERDE KUNS ingeskryf.
6. Die werk moet volledig die leerders se eie werk wees. Onderwysers mag nie die leerders se kunswerke afrond nie.
7. 'n Suksesvolle kunswerk beskik oor kunselemente soos bv. lyn, kleur, komposisie ens. wat 'n visuele eenheid vorm. Indien iets soos omlyning gebruik word, moet dit deel vorm van die eenheid en nie as soliede strepe uitstaan nie.

## <u>KATEGORIE B: GEVORDERDE VISUELE KUNS -KU2</u>

Graad R - 12

**Leerders wat ekstra kunslesse ontvang of by kunsskole is, sowel as tuisskool leerders skryf in vir hierdie afdeling.**

1. By Skilderkuns en Tekenkuns van die klem op visuele taal soos lyn, tekstuur, kleur, tegniek en algehele voorkoms. Internet inspirasie kan gebruik word, maar mag nie direk gekopieer word nie.
2. Beeldhouwerk val ook in hierdie afdeling. Dit is drie-dimensionele ontwerp.
3. Leerders in Gr 10 – 12 wat kuns as vak neem, ongeag die sentrum (skool of privaat), val in hierdie afdeling.
4. Pryse in hierdie kategorie word as volg toegeken: VIR ELKE GRAAD vanaf Gr R – 12 of volgens die beoordelaars se besluit. Die beoordelaar(s) behou die reg toe om slegs pryse toe te ken in kategorieë waar die werk van uitstaande gehalte is.

## <u>KATEGORIE C: ONTWERP – KU3</u>

Graad R - 12

**Leerders wat ekstra kunslesse neem of by kunsskole is na skool, skryf in vir hierdie afdeling.**

<u>PRODUK-ONTWERP</u>: Funksioneel of dekoratief – sluit in, maar nie beperk tot: mandjie-makery, kralewerk, sneewerk, keramiekwerk, gekonstrueerde tekstiele, mode- en ander kostuumontwerp, meubelontwerp, industriële ontwerp, juweliersontwerp, papierwerk, marionette ontwerp, tafelware, weefwerk, draadwerk.
'n Junior- (Graad R – Graad 5) en 'n Seniorprys (Graad 6 – Graad 12) kan hier toegeken word.

**ILLUSTRASIE KUNS**:

- Illustreer 'n gedig/gedeelte van 'n storie.
- Nie meer as 100 woorde nie.
- Klem val op illustrasie.
- Illustrasies moet eie werk wees en in enige medium. Internet inspirasie mag gebruik word, maar mag nie direk gekopieer word nie.
- Die geskrewe teks en illustrasie(s) moet mekaar komplimenteer.
- Storie/gedig kan self deur leerder geskryf word of teks deur ander skrywer/digter kan gebruik word. Onthou om erkenning aan oorspronklike skrywer/digter te gee.
- 'n Junior- (Graad R – Graad 5) en 'n Seniorprys (Graad 6 – Graad 12) kan hier toegeken word.

**Die beoordelaar(s) behou die reg toe om slegs pryse toe te ken in kategorieë waar die werk van uitstaande gehalte is.**

**NAVRAE**: Hanli Theron
arts2gether@gmail.com